

11 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 1:3 – 2:5 (NAV)

Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 1:11

Volhardend wag

Die jong gemeente in Tessalonika ontvang 'n tweede brief van Paulus waarin hy God dank vir hulle volharding, geloof en liefde. Te midde van vervolging en lyding wat hulle verduur, kom daar perspektief: God ag hulle geskik vir sy koninkryk en sal 'n einde bring aan hulle lyding.

Die vervolging wat hulle gely het, was intens. Die jong gemeente wat tydens Paulus se sendingreise tot stand gekom het, word aan elke vorm van goddeloosheid onderwerp deur aanvalle en teistering van wettelose mense. Hulle moet daarteen waak dat hulle nie verward raak of mislei word nie. Die grofste misleiding kom as Satan voorgee dat hy God is. In ons samelewing is die tekens hiervan sigbaar: verset, ontheiliging en selfverheffing. Wetgewing skuif Christus al hoe meer op die agtergrond en in die plek van sy koninkryk se belange het elke mens die reg om die eie wil te laat geld. Elke vorm van gesag en orde word afgetakel en verdwyn onder die oneindige betogings van oproeriges. Dit kan maklik gebeur dat hierdie toestande my laat twyfel of Christus inderdaad weer sal kom.

Net die Here se ingrype, wanneer Hy met sy magtige engele in 'n vuurvlam uit die hemel verskyn, kan dit laat verdwyn. Met hierdie sterk, bemoedigende woorde word ons opgeroep om te volhard in afwagting op Christus se wederkoms.

Maar volharding beteken nie dat ek maar net sit en toekyk hoe alles rondom my verloop nie. Soos in al die ander briewe van Paulus, kry die gelowiges praktiese raad waarvolgens hulle optrede gerig moet word. Om volhardend te wag, beteken dat ek met die volgende Godgegewe realiteite rekening sal hou:

- Die laaste afvalligheid sal kom
- Die mense wat die evangelie nie ken nie, sal gestraf word
- Die eienskappe van die Tessalonisense waarvan Paulus met trots praat, moet deel wees van ons leefwyse. Hy dank God vir die krag van hul geloof, die inspanning van hulle liefde en die volharding van hulle hoop.

Daarom bid hy in 2 Tessalonisense 1:11 dat God sy kinders sal seën om *volhardend te wag*.

Sing: Skrifberyming 14-2

Ds PJ van Blerk (Rustenburg-Wes)